# STUURMAN

*Jesus is MY Stuurman*




✓ Wie is **jou** gunsteling superhero? Hoekom? Sou jy jou hero 'n **rolmodel** noem?

✓ Wat dink jy van die quote van Dr Strange?

- **Lees Filippense 3:7 - 14; 4:4 - 9**
- Wanneer is iemand "suksesvol"?
- Hoe sou Paulus hierdie vraag beantwoord?
- Wanneer is iemand volgens die Bybel 'n "Rolmodel"? Ken jy sulke mense?

Anders as die ander atlete, roei roeiers met die rug na die eindpunt. Anders as die ander atlete, is hulle oë gevestig op die stuurman (die coxswain) en nie die eindpunt nie.

Die Stuurman is die motiveerder vir die res van die roeiers, hy is ook die een wat die kano moet stuur, hy gee die pas aan dat niemand uitsak nie en hy aanvaar volle verantwoordelikheid vir die veiligheid van die span!

Dit is interessant dat die woord *coxswain* ook letterlik beteken die bootslaaf.

Die "cox" is OP die boot die een wat lei en stuur en moed inpraat en staan nie soos die coach op die wal en skree nie...nee die *coxswain*, die Stuurman is daar BY die res van die span op die boot.

- Sou jy sê Jesus is 'n voorbeeld van 'n Stuurman? Hoekom? En 'n held? Selfs 'n Rolmodel?
- Paulus praat oor 'n KEN-verhouding met Jesus - Hoe sou so verhouding lyk?
- Hoe kan jy 'n Stuurman vir iemand anders (Jou vriende/boeties/sussies/ouers) wees?